# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA.

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
UITGAWE OP GESAG. VAN SUIDWES-AFRIKA. PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Tuesday, 17th April, 1951. WINDHOEK Dinsdag, 17 April 1951. No. 1589.


The following Draft Ordinances, which will be introduced during the next Session of the Legislative Assembly, are published for general information.

L. M. AMBLER,
*Actg. Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.



| | Page. |
|---|---|
| Crown Land Disposal Amendment Ordinance, 1951. | 1586 |
| Education Amendment Ordinance, 1951. | 1586 |
| Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1951. | 1587 |



## DRAFT ORDINANCE

To amend the Crown Land Disposal Proclamation, 1920.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The definition of "Crown Lands" contained in Part I of the Schedule to the Crown Land Disposal Proclamation, 1920 (No. 13 of 1920), as amended, is hereby further amended by the insertion after the words "German Government" of the words "all unalienated Crown Land within the port and settlement of Walvis Bay".
2. Section *one* of this Ordinance shall be deemed to have come into operation on the first day of October, 1922.
3. This Ordinance shall be called the Crown Land Disposal Amendment Ordinance, 1951.

## DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to the salary scales of certain principal teachers.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *sixty-nine* of Proclamation No. 16 of 1926, as amended, is hereby further amended by the addition, at the end of paragraph (2) of sub-section (1) thereof, of the following proviso:—

   "Provided that this scale shall not be lower than that to which the principal is entitled if there is no primary section attached to the school."
2. This Ordinance may be cited as the Education Amendment Ordinance, 1951, and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1951.

Die volgende Ontwerpordonnansies, wat gedurende die volgende Sessie van die Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

L. M. AMBLER,
*Waarn. Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.



| | Bladsy. |
|---|---|
| Wysigingsordonnansie op Kroongrondbeskikking 1951. | 1586 |
| Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1951. | 1586 |
| Wysigingsordonnansie op Pensioene van Onderwysers 1951. | 1587 |



## ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die „Kroonlanden Proclamatie 1920".

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die woordbepaling van „kroonlanden" in Deel I van die Bylae van die „Kroonlanden Proclamatie 1920" (Proklamasie 13 van 1920), soos gewysig, word hierby nogmaals gewysig deur, na die woorde „Duitse Regering", die woorde „en al het onvervreemde kroonland binnen de haven en nederzetting Walvisbaai" in te voeg.
2. Artikel *een* van hierdie Ordonnansie het terugwerkende krag, en geld vanaf die eerste dag van Oktober 1922.
3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigings-ordonnansie op Kroongrondbeskikking 1951.

## ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet betreffende die salarisskaal van bepaalde skoolhoofde te wysig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *nege-en-sestig* van Proklamasie 16 van 1926, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die byvoeging aan die einde van paragraaf (2) van sub-artikel (1) daarvan van die volgende voorbehoudbepalings:—

   „Met dien verstande dat die skaal nie laer mag wees as die een waarop 'n hoof geregtig is indien daar nie 'n primêre afdeling aan die skool verbonde is nie."
2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1951 en geld vanaf 1 Januarie 1951.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to teachers' pensions.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance "the principal Proclamation" shall mean the Teachers' Pensions Proclamation of 1931 (Proclamation No. 39 of 1931) as amended.

2. Section *six* of the principal Proclamation is hereby amended by the deletion of the first paragraph beginning with the word "Subject" and ending with the words "year of contribution", and the substitution therefor of the following paragraph:—

   "Subject to the provisions of this Proclamation any annuity payable out of the fund shall be based on the average annual pensionable emoluments of the retiring teacher for the last seven years of the period of his contributions, and shall be calculated at the rate of one sixtieth of those average pensionable emoluments for each year of contribution."

3. Paragraph (b) of sub-section (1) of section *fourteen* of the principal Proclamation is hereby amended by the deletion of the word "twenty-five" and the substitution therefor of the word "seven".

4. Sub-paragraph (i) of paragraph (b) of sub-section (1) of section *sixteen bis* of the principal Proclamation is hereby deleted, and the following sub-paragraph substituted therefor:—

   "(i) The average annual pensionable emoluments shall for pension purposes be calculated on the pensionable emoluments actually drawn by him for the last seven years of the period of his contributions in all the Provinces of the Union of South Africa and the Department together;"

5. This Ordinance may be cited as the Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1951, and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1951.

# ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet betreffende pensioene van onderwysers te wysig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken „die Hoofproklamasie" die Proklamasie van 1931 betreffende Pensioene van Onderwysers (Proklamasie 39 van 1931), soos gewysig.

2. Artikel *ses* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die eerste paragraaf wat met die woord „Onderhewig" begin en met die woorde „jaar van bydrae" eindig, te skrap en dit met die volgende paragraaf te vervang:—

   „Onderhewig aan die bepalings van hierdie Proklamasie moet enige annuiteit wat uit die Fonds betaalbaar is op die gemiddelde jaarlikse pensioenreggewende emolumente van die aftredende onderwyser oor die laaste sewe jaar van die tydperk van sy bydraes gebaseer wees, en dit moet teen een sestigste van daardie gemiddelde pensioenreggewende emolumente vir elke jaar van bydrae bereken word."

3. Paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel *veertien* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die woord „vyf-en-twintig" met die woord „sewe" te vervang.

4. Sub-paragraaf (i) van paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel 16 *bis* van die Hoofproklamasie word hierby geskrap en met die volgende sub-paragraaf vervang:—

   „(i) die gemiddelde jaarlikse pensioenbare emolumente vir pensioendoeleindes op die pensioenbare emolumente bereken word wat werklik deur hom oor die laaste sewe jaar van die tydperk van sy bydraes in al die provinsies van die Unie van Suid-Afrika en die Departement gesamentlik ontvang is;"

5. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene van Onderwysers 1951 en geld vanaf 1 Januarie 1951.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes - Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek. 8